# DIEN MEKAAR IN LIEFDE

Teksvers: Gal 5:13
Om dit te kan doen, vra van ‘n mens ‘n groot stuk **nederigheid.**

Die begeerte om belangrik te wees
Ons lees van meer as een geleentheid waar Jesus se dissipels gewedywer het oor wie die belangrikste is of wie die vernaamste in die koninkryk sal wees. Johannes en Jakobus het Hom byvoorbeeld versoek om eendag wanneer Hy as koning heers aan sy linker- en regterhand te mag sit (Mark 10:37) Jesus gebruik toe die geleentheid om vir hulle en vir ons ‘n belangrike les te leer as hy sê: *“Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees.”* (Mark 10:43) Hy het ook gesê: *“As iemand die eerste wil wees, moet Hy die heel laaste en almal se dienaar wees.”* (Mark 9:35)
**LET OP: Jesus keur nie die dissipels se strewe na grootheid af nie.**
Wat is **die verrassende** in Sy boodskap?
**Hy leer ons om ons begeerte om groot te wees om te sit in dade van nederigheid!** Wie wil nie graag **iemand van betekenis** wees nie? Niemand wil ‘n “niksnuts” wees nie! Jesus sê die **pad daarheen** is deur nederige diens! Daar is byvoorbeeld niks mee verkeerd om ‘n goeie eggenoot en ‘n goeie ouer of ‘n uitstekende onderwyser te wil wees nie. Die manier om dit te word en te wees is deur diens.
**NB:** Almal kan nie die voorblad/agterblad van die koerant haal nie, maar: **Grootheid beteken om in nederigheid die lewe te leef wat God vir jou gegee het.** En God is baie meer besorg oor wie jy in die **resies** help as oor hoeveel jy verby steek!
1 Kor 13: *“Die liefde is nie verwaand nie... soek nie sy eie belang nie”* (:4,5) **Nederigheid bou** verhoudings. **Hoogmoed** en selfgesentreerdheid **vergiftig verhoudings**.
**Dus: Jesus leer ons om ons begeerte na grootheid in nederige dade om te sit.**

Wat dan van ambisie?
**Ambisie** staan dus **nie teenoor** nederig wees nie.
**Ons almal behoort groot ambisies te hê, want God het** groot ambisie vir ons! Sy ambisie vir ons is dat ons aan ons doel waarom Hy ons geskep het, sal beantwoord; dat ons die wêreld namens Hom sal bestuur; dat ons sy beelddraers in hierdie wêreld sal wees – Wau!
**Ambisie wat hiermee te doen het, is gesond.** Dan is dit nie verkeerd om ambisie te hê nie. Dit is wel verkeerd om selfsugtige ambisie te hê.
God het ‘n ontsaglike ambisie vir ons. Dit maak jou nederig: Ek kan nie op my eie nie! Dit laat jou jou afhanklikheid van Hom besef – soos ‘n **kind.**

Die dissipels het op ‘n keer vir Jesus gevra: *“Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?”* (Matt 18:1) **Toe gebruik hy ‘n kind as voorbeeld** en sê: *“Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel.”* (Matt 18:4) Wat kan ons van **kinders leer** in verband met nederigheid? Hulle het almal een ding in gemeen: **hulle is van iemand anders afhanklik**. Jesus: *“Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is.”* (Matt 5:3)

**DIT is waar ware <u>nederigheid begin</u>: By die besef hoe afhanklik jy van God is**. Dan kan jy nie meer hoogmoedig wees nie.
En as jy dan boonop nog besef wat **Hy vir jou <u>gedoen</u> het om jou te <u>bevry</u> en te <u>bekragtig</u>,** kan jy ook nie langer terugdeins vir diens nie, al is dit ook die nederigste takie - soos om iemand se **voete te was** nie! (Joh 13:14, 15 *“As Ek, wat julle Leermeester en Here is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle ‘n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen.”) MAAR*

<u>Ek wil darem raakgesien word!</u>
**Ons almal geniet dit om raakgesien te word**. Dit is erg om **ignoreer** te word. Ek het al dikwels die klagte gehoor dat die of daardie hulle nie **groet** nie. Ons wil hê ander moet ons **nood** of **prestasies** raaksien.
**Maar weet julle wat: Nederigheid maak dat hierdie behoefte om deur ander raakgesien te word, <u>afneem</u>.** Jy is nie meer **die middelpunt** van jou lewe nie. J**y begin eerder <u>ander</u> en ander se behoeftes raaksien** en wanneer jy die ander se behoeftes raaksien, raak jy daaroor **besorg** en wil jy iets daaromtrent **doen** (dien). **Jesus:** *“Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”* (Mark 10:45) **Hoogmoedige mense sien nie** eers die behoefte raak nie, wat nog te sê iets daaraan doen!
Die **Fariseërs** wou graag raakgesien word. *“Alles wat hulle doen, doen hulle net om deur mense gesien te word.”* (Matt 23:3, 5) Jesus sê vir sy dissipels hulle moet tog nie so wees nie.
**Die enigste manier om van die behoefte om raakgesien te word genees te word is om te begin om die behoeftes van ander mense raak te sien. Kies** om ander se behoeftes raak te sien – nie net die behoeftes van jou vriende nie ( byvoorbeeld verkoopspersoon; veiligheidswag in warm son).

**Wat dan van my eie behoeftes? God self** sal daarin voorsien. **Hy sien** ons raak en dit is genoeg. Fil 4:*19 ”And my God will supply every need of yours according to his riches in glory in Christ Jesus.”* (RSV) Hy gee nie vir ons alles wat ons **wil hê** nie, maar Hy gee alles wat ons **nodig** het. **Eendag** sal ons van Hom hoor: *“Wel gedaan,*

*goeie en getroue dienskneg."* HY sien ons en alles wat ons doen raak.

Nederigheid teenoor God

**Fariseër en tollenaar (Lees Luk 18:9-14)** Wat **mis** ons by die Fariseër? Nederigheid. Ons hoor hoedat hy **roem** op uiterlike dinge (vas… tiende). Wat **val op** van die Tollenaar? Sy nederigheid. **Die Fariseër was skuldig aan 'n selfgemaakte godsdienstigheid.** Dit kan baie maklik met 'n mens gebeur, veral as jy nou al so 'n tydjie 'n christen of 'n lidmaat is. Jy **begin** baie afhanklik van God, maar na 'n tyd ontwikkel jy al hoe meer **selfvertroue**. Ons is nie veronderstel om te groei totdat ons op ons **eie voete** kan staan nie. **Geestelike groei** (vs liggaamlike groei) gaan nie daaroor dat ons al meer dinge **self kan** doen sonder God se hulp nie. Ons moet oppas om nie van afhanklikheid van God na 'n **doen-dit-self** godsdiens weg te beweeg nie (DIY). **Alles is genad**e – en die Tollenaar het dit beter as die Fariseër besef.
Jesus sê: *"Ek is die wingerdstok, julle die lote"* (Joh 15:5).
Jesus is die **wingerdstok**. Hy is waar jy die *lewe vind* wat jy nodig het. Hy is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand anders nie. Jy is die **loot**. Wat is die loot se **taak**? **Die loot moet in die wingerdstok bly**.
Hoe doen mens dit?
Spandeer **tyd** met Jesus – lees die Bybel, luister, bid, wees **gehoorsaam. Jesus:** *"Soos die Vader my liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly. As julle my opdragte uitvoer, sal julle in My liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly … Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet"* (15:9-10, 12)
**Los van Jesus** kan jy nie in jou lewe **vrug dra** nie. Aan die anderkant as jy in Christus bly, **kan jy nie anders** as om vrugte in jou lewe te dra nie. Dit is wat 'n loot doen wat aan die wingerdstok vasgeheg bly. Paulus: *"Ek is tot alles in staat deur Christus (Hom) wat my krag gee."* (Fil 4:13) *"For I can do everything God asks me to with the help of Christ who gives me the strength and power."* (LNT)

Tree nederig op.

Baie neem aan dat nederigheid in die **eerste plek** daarmee te doen het hoedat jy **oor jouself dink**. Maar jy gaan nie by nederigheid uitkom deur op jouself te fokus nie. **Nederigheid het meer te doen met hoe jy oor ander dink en hoe jy oor God dink**.
Beste Voorbeeld: Fil 2:3-11 lees

Moenie probeer om nederig te **voel** nie – tree net nederig op.

* **Nederigheid** is die **daaglikse besluit** om **ander as belangriker as jouself** te beskou - dis nie om minder van myself te dink nie; dit is om **meer van ander te dink**.

**** Nederigheid** is die daaglikse besluit **om jou onder God se magtige hand te verneder** (1 Petr 5:5-6) - dis nie om myself onder toe te druk nie; dit is om **God te verhoog**.
*** Nederigheid is nie om my **sterk punte te ontken** nie; dit is om openlik en eerlik te wees oor my swakhede.
**** **Nederigheid is om in te sien dat ek sonder Christus niks kan doen nie, maar in Christus tot alles in staat is**!

Amen.

(Jesusbeginsels vir Doelgerigte Liefde – Tom Holladay)